Republiek van Suid-Afrika ◆ Republic of South Africa

Staatskoerant
Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer) (Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. IX.] PRYS 5c. PRETORIA, 26 JULIE / 26 JULY 1963. PRICE 5c. [No. 560.

PROKLAMASIES

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. 194, 1963.]

VERKLARING VAN 'N GROEPSGEBIED INGEVOLGE DIE WET OP GROEPSGEBIEDE, 1957, EN TOEPASSING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WET OP DIE ONTWIKKELING VAN GROEPSGEBIEDE, 1955, IN 'N GEBIED TE ELSBURG, DISTRIK GERMISTON, PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by—

A. artikel *twintig* van die Wet op Groepsgebiede, 1957 (Wet No. 77 van 1957), verklaar ek hierby dat die gebied omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, 'n gebied is vir okkupasie en grondbesit deur lede van die Blanke groep; en

B. artikel *agt-en-dertig* van die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede, 1955 (Wet No. 69 van 1955), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels *twaalf bis* tot en met *dertien bis, vyftien* tot en met *drie-en-twintig* en *vier-en-dertig* van genoemde Wet, vanaf die datum van publikasie hiervan, van toepassing is in die gebied omskryf in die Bylae hiervan.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sesde dag van Julie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. W. BOTHA.

BYLAE.

Die gebied bestaande uit Elsburg-uitbreiding No. 2 soos voorgestel deur Algemene Plan A.7132/51.

No. 195, 1963.]

DEPROKLAMASIE VAN GROND AS ALLUVIALE DELWERYE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en geleë in die myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, naamlik grond wat by Proklamasie No. 295 van 1947 tot die Alluviale Delwerye, Roodepoortje Nos. 1, 2 en 3 geproklameer is, met ingang van die eerste dag na publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* as alluviale delwerye vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer is.

PROCLAMATIONS

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. 194, 1963.]

DECLARATION OF A GROUP AREA IN TERMS OF THE GROUP AREAS ACT, 1957, AND APPLICATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE GROUP AREAS DEVELOPMENT ACT, 1955, IN AN AREA AT ELSBURG, DISTRICT OF GERMISTON, PROVINCE OF THE TRANSVAAL.

Under the powers vested in me by—

A. section *twenty* of the Group Areas Act, 1957 (Act No. 77 of 1957), I hereby declare that the area defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be an area for occupation and ownership by members of the White group; and

B. section *thirty-eight* of the Group Areas Development Act, 1955 (Act No. 69 of 1955), I hereby declare that the provisions of sections *twelve bis* to *thirteen bis* inclusive, *fifteen* to *twenty-three* inclusive and *thirty-four* of the said Act shall, as from the date of publication hereof, apply in the area defined in the Schedule hereto.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria on this Sixth day of July, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. W. BOTHA.

SCHEDULE.

The area comprising Elsburg Extension No. 2 as represented by General Plan A.7132/51.

No. 195, 1963.]

DEPROCLAMATION OF LAND AS ALLUVIAL DIGGINGS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I hereby declare that the land described in the attached Schedule, situate in the Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as the Roodepoortje Alluvial Diggings Nos. 1, 2 and 3 by Proclamation No. 295 of 1947, shall be closed and deproclaimed as alluvial diggings for precious stones as from the first day after the publication of this Proclamation in the *Government Gazette*.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/223.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/223.

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
(*a*) Gedeelte 1 van Gedeelte H.....	102 morg 381 vierkante roede.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*b*) Gedeelte 2 van Gedeelte H.....	36 morg 119 vierkante roede.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*c*) Resterende gedeelte van Gedeelte H.....	97 morg 183 vierkante roede.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*d*) Gedeelte G.....	236 morg 83 vierkante roede.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*e*) Gedeelte F.....	472 morg 170 vierkante roede.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez, Junior.
almal van die plaas Roodepoortje No. 154 (voorheen No. 265), registrasieafdeling I.P., distrik Lichtenburg, soos aangetoon op sketskaart R.M.T. No. 1857		

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
(*a*) Portion 1 of Portion H.....	102 morgen 381 square roods.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*b*) Portion 2 of Portion H.....	36 morgen 119 square roods.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*c*) Remaining extent of Portion H.....	97 morgen 183 square roods.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*d*) Portion G.....	236 morgen 83 square roods.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*e*) Portion F.....	472 morgen 170 square roods.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez, Junior.
all of the farm Roodepoortje No. 154 (formerly No. 265), Registration Division I.P., District of Lichtenburg, as shown on sketch plan R.M.T. No. 1857		

No. 196, 1963.]

DEPROKLAMASIE VAN GROND AS ALLUVIALE DELWERYE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *dertig* van die Wet op Edelgesteentes, 1927 (Wet No. 44 van 1927), verklaar ek hierby dat die grond in bygaande Bylae beskryf en geleë in die myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, naamlik grond wat by Proklamasie No. 293 van 1947 tot die Alluviale Delwerye Twee Buffels Geschiet Nos. 1 en 2 geproklameer is, met ingang van die eerste dag na publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant* as alluviale delwerye vir edelgesteentes gesluit en gedeproklameer is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/223.

No. 196, 1963.]

DEPROCLAMATION OF LAND AS ALLUVIAL DIGGINGS.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *thirty* of the Precious Stones Act, 1927 (Act No. 44 of 1927), I hereby declare that the land described in the attached Schedule, situate in the Mining District of Klerksdorp, Transvaal Province, and proclaimed as the Twee Buffels Geschiet Alluvial Diggings Nos. 1 and 2 by Proclamation No. 293 of 1947, shall be closed and deproclaimed as alluvial diggings for precious stones as from the first day after the publication of this Proclamation in the *Government Gazette*.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

N. DIEDERICHS.

M.M. 35/223

BYLAE.

Beskrywing van grond.	*Grootte.*	*Geregistreerde eienaar.*
(*a*) Gedeelte van die resterende gedeelte.....	Ongeveer 102 morg.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*b*) Gedeelte 7 van Gedeelte D.....	Ongeveer 35 morg.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
albei van die plaas Twee Buffels Geschiet No. 42 (voorheen No. 34), registrasieafdeling I.P., distrik Lichtenburg, soos aangetoon op sketskaart R.M.T. No. 1858		

SCHEDULE.

Description of Land.	*Extent.*	*Registered Owner.*
(*a*) Portion of the ramaining extent.....	Approximately 102 morgen.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
(*b*) Portion 7 of Portion D.....	Approximately 35 morgen.....	Jacobus Hendrik Cornelius du Preez.
both of the farm Twee Buffels Geschiet No. 42 (formerly No. 34), Registration Division I.P., District of Lichtenburg, as shown on sketch plan R.M.T. No. 1858		

No. 197, 1963.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE SHANGAANSTAM ONDER KAPTEIN MORRIS MAVAMBE, IN DIE DISTRIK SIBASA.

Nademaal die Shangaanstam onder kaptein Morris Mavambe, in die distrik Sibasa, vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir die oprigting van skole en vir ander stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(*a*) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(*b*) die doel waarvoor dit opgelê moet word, goedkeur;

So is dit dat ek kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van twee rand per jaar vir die jare 1963 tot en met 1965 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1963 en is verskuldig en betaalbaar op die datum van afkondiging hiervan, ten opsigte van die jaar 1963, en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1616/13.

No. 197, 1963.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE SHANGAAN TRIBE UNDER CHIEF MORRIS MAVAMBE, IN THE SIBASA DISTRICT.

Whereas the Shangaan Tribe under Chief Morris Mavambe, in the District of Sibasa, has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for the erection of schools and for other tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(*a*) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(*b*) approve the purpose for which it is to be imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of two rand per annum for the years 1963 to 1965, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1963 and shall become due and payable on the date of publication hereof, in respect of the year 1963, and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

M. D. C. DE W. NEL.

F. 53/1616/13.

No. 198, 1963.]

VOGELVLEI-STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELING TULBAGH, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.—UITSLUITING VAN 'N SEKERE GEBIED.

Nademaal die grense van die Vogelvlei-staatswaterbeheergebied, kragtens artikel *agt-en-negentig* van die Besproeiings- en Waterbewarings Wet, No. 8 van 1912, soos gewysig by artikel *nege* van die Besproeiingswysigingswet, No. 46 van 1934, by Proklamasie No. 131 van 1947, gedateer 20 Mei 1947, omskryf is;

En nademaal die Staatspresident, kragtens subartikels (1) en (2) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), wat die vorige Wet vervang het, die grense van sodanige gebied van tyd tot tyd by dergelike proklamasie kan wysig;

En nademaal dit wenslik is om 'n sekere gebied van genoemde Staatswaterbeheergebied uit te sluit;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by genoemde subartikels (1) en (2) van artikel *nege-en-vyftig* van die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), hierby verklaar dat met ingang van die datum van publikasie hiervan die eiendomme beskryf in die Bylae hiervan uitgesluit word van die Vogelvlei-staatswaterbeheergebied.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Drie-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

No. 198, 1963.]

VOGEL VLEI GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISION OF TULBAGH, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.—EXCLUSION OF A CERTAIN AREA.

Whereas the boundaries of the Vogel Vlei Government Water Control Area have by Proclamation No. 131 of 1947, dated 20th May, 1947, been defined in terms of section *ninety-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, as amended by section *nine* of the Irrigation Amendment Act, No. 46 of 1934;

And whereas the State President may, in terms of sub-sections (1) and (2) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), which superseded the former Act, from time to time by like proclamation alter the boundaries of such area;

And whereas it is desirable to exclude a certain area from the said Government Water Control Area;

Now, therefore, under and by virtue of the powers in me vested by the said sub-sections (1) and (2) of section *fifty-nine* of the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), I do hereby declare that as from the date of publication hereof, the properties described in the Annexure hereto shall be excluded from the Vogel Vlei Government Water Control Area.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town on this Twenty-seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-three.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

BYLAE.

VOGELVLEI-STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELING TULBAGH, PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.—BESKRYWING VAN EIENDOMME WAT VAN DIE BESTAANDE STAATSWATERBEHEERGEBIED UITGESLUIT WORD.

Die volgende plase met alle onderverdelings:—

Mond van De Kleine Bergrivier.
Molenaarsdrift.
Half Gewaagd is Frisgewonnen.
Sand Leegte.
Namaquas Eiland.
Restant Sonquas Boordrift.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 1119.] [26 Julie 1963.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTERS.

Hierby word bekendgemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 18 Julie 1963, van Sy Edele dr. T. E. DÖNGES as Waarnemende Minister van Ekonomiese Sake en van Sy Edele J. DE KLERK as Waarnemende Minister van Mynwese gedurende die afwesigheid uit Suid-Afrika van Sy Edele dr. N. DIEDERICHS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1117.] [26 Julie 1963.

VOORGESTELDE VERHURING VAN TERREINE VIR DIE OPRIGTING EN INSTANDHOUDING VAN 'N AANLEGSTEIER EN SKI-SPRINGPLANK IN DIE UMZIMBAZIRIVIERSTRANDMEER TE KARRIDENE, DISTRIK UMLAZI, PROVINSIE NATAL.

Hierby word, ingevolge artikel *drie* (5) van die Strandwet, 1935, bekendgemaak dat die Minister van Lande van voorneme is om gedeeltes, groot onderskeidelik 80 vierkante voet en 350 vierkante voet, van die strand en die bedding van die see in die Umzimbazistrandmeer ten weste van Karridenehalte, Provinsie Natal, aan mnr. A. Korving te verhuur as terreine vir die oprigting en instandhouding van 'n aanlegsteier en ski-springplank.

'n Liggingsplan lê ter insae in die kantoor van die Streeksverteenwoordiger, Departement van Lande, Pietermaritzburg.

(Lande 11130/3.)

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1120.] [26 Julie 1963.

WYSIGING VAN DIE REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE WET OP BEHEER VAN EFFEKTEBEURSE, 1947.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *sewe-en-twintig* van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet No. 7 van 1947), soos gewysig, wysig ek THEOPHILUS EBENHAEZAR DÖNGES, Minister van Finansies, hierby die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 2163 van 24 Augustus 1951, soos in bygaande Bylae uiteengesit.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

ANNEXURE.

VOGEL VLEI GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISION OF TULBAGH, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.—DESCRIPTION OF THE AREA TO BE EXCLUDED FROM THE EXISTING GOVERNMENT WATER CONTROL AREA.

The following farms with all subdivisions:—

Mond van De Kleine Bergrivier.
Molenaarsdrift.
Half Gewaagd is Frisgewonnen.
Sand Leegte.
Namaquas Eiland.
Remainder Sonquas Boordrift.

GOVERNMENT NOTICES.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1119.] [26 July 1963.

APPOINTMENT OF ACTING MINISTERS.

It is hereby notified that the State President has approved of the appointment, with effect from 18 July, 1963, of Dr. the Honourable T. E. DÖNGES as Acting Minister of Economic Affairs and of the Honourable J. de KLERK as Acting Minister of Mines during the absence from South Africa of Dr. the Honourable N. DIEDERICHS.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1117.] [26 July 1963.

PROPOSED LEASE OF SITES FOR THE ERECTION AND MAINTENANCE OF A JETTY AND SKI-JUMP IN THE UMZIMBAZI RIVER LAGOON AT KARRIDENE, DISTRICT OF UMLAZI, PROVINCE OF NATAL.

Notice is hereby given in terms of section *three* (5) of the Sea-shore Act, 1935, that the Minister of Lands proposes to lease to Mr. A. Korving portions, measuring 80 square feet and 350 square feet respectively, of the seashore and the bed of the sea in the Umzimbazi Lagoon, west of Karridene Halt, Province of Natal, as sites for the erection and maintenance of a jetty and ski-jump.

A site plan lies for inspection at the office of the Regional Representative, Department of Lands, Pietermaritzburg.

(Lands 11130/3.)

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1120.] [26 July 1963.

AMENDMENT OF THE REGULATIONS MADE UNDER THE STOCK EXCHANGES CONTROL ACT, 1947.

Under the powers conferred upon me by section *twenty-seven* of the Stock Exchanges Control Act, 1947 (Act No. 7 of 1947), as amended, I, THEOPHILUS EBENHAEZAR DÖNGES, Minister of Finance, hereby amend the regulations published under Government Notice No. 2163 of 24th August, 1951, as set out in the accompanying Schedule.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

BYLAE.

1. Regulasie 19 word hierby gewysig—

(*a*) deur die woorde „ dertigste dag van Junie " deur die woorde „ laaste dag van Februarie " te vervang; en

(*b*) deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die end daarvan by te voeg:—

„ Met dien verstande dat sodanige rekeninge, balansstaat en verslag ten opsigte van die tydperk wat op 28 Februarie 1963 geëindig het, slegs die agt maande op daardie datum geëindig, dek."

2. Regulasie 22 word hierby gewysig—

(*a*) deur in subregulasie (1) die woorde „ dertigste Junie " deur die woorde „ laaste dag van Februarie " te vervang;

(*b*) deur die volgende voorbehoudsbepaling aan die end van subregulasie (1) by te voeg:—

„ Met dien verstande dat die ouditering ten opsigte van die jaar geëindig op die 28ste Februarie 1963 slegs die agt maande op daardie dag geëindig, dek "; en

(*c*) deur in subregulasie (2) die woorde „ 30 Junie " en „ 1ste Julie " deur onderskeidelik die woorde „ laaste dag van Februarie " en „1ste Maart " te vervang.

3. Regulasie 23 word hierby gewysig deur in paragraaf (*h*) die woorde „ 30 Junie " deur die woorde „ laaste dag van Februarie " te vervang.

4. Regulasie 24 word hierby gewysig deur die woorde „ gedurende enige jaar eindigende op 30 Junie " deur die woorde „ gedurende die agt maande geëindig 28 Februarie 1963 of enige daaropvolgende jaar eindigende op die laaste dag van Februarie " te vervang.

SCHEDULE.

1. Regulation 19 is hereby amended—

(*a*) by the substitution of the words " last day of February " for the words " thirtieth day of June "; and

(*b*) by the addition of the following proviso at the end thereof:—

" Provided that such accounts, balance sheet and report in respect of the period which ended on the 28th February, 1963, shall cover only the eight months ended on that date."

2. Regulation 22 is hereby amended—

(*a*) by the substitution in sub-regulation (1) of the words " last day of February " for the words " 30th June ";

(*b*) by the addition at the end of sub-regulation (1) of the following proviso:—

" Provided that the audit in respect of the year ended on the 28th February, 1963, shall cover only the eight months ended on that date "; and

(*c*) by the substitution in sub-regulation (2) of the words " last day of February " and " 1st March " for the words " 30th June " and " 1st July ", respectively.

3. Regulation 23 is hereby amended by the substitution in paragraph (*h*) of the words " last day of February " for the words " 30th June ".

4. Regulation 24 is hereby amended by the substitution of the words " during the eight months ended 28th February, 1963, or any subsequent year ending on the last day of February ", for the words " during any year ending on 30th June ".

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. 1097.] [26 Julie 1963.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Finansies behaag het om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Cyril Walter Dickerson, Adjunk-sekretaris, as Waarnemende Kommissaris van Doeane en Aksyns met ingang van 15 Julie 1963 en gedurende die afwesigheid van Dirk Johannes van Niekerk Groenewald met verlof.

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. 1097.] [26 July 1963.

APPOINTMENT OF ACTING COMMISSIONER OF CUSTOMS AND EXCISE.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Finance has been pleased to approve the appointment of Cyril Walter Dickerson, Deputy-Secretary, as Acting Commissioner of Customs and Excise with effect from the 15th July, 1963, and during the absence on leave of Dirk Johannes van Niekerk Groenewald.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 1107.] [26 Julie 1963.

VERANDERING VAN DIE NAAM VAN DIE BAKONI-BA-MARANGANGSTAMOWERHEID, GEBIED SEKHUKHUNELAND, DISTRIK LYDENBURG.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 1821 VAN 2 NOVEMBER 1962.

Dit het die Staatspresident behaag om die naam van die Bakoni-Ba-Marangangstamowerheid te verander in Bakoni-Ba-Marangrangstamowerheid.

Goewermentskennisgewing No. 1821 van 2 November 1962 word dus gewysig deur die woord „ Marangang ", waar dit ook al voorkom, te vervang deur die woord „ Marangrang ". (Lêer No. F.53/1608/9.)

DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

No. 1107.] [26 July 1963.

ALTERATION OF THE NAME OF THE BAKONI-BA-MARANGANG TRIBAL AUTHORITY, SEKHUKHUNELAND AREA, LYDENBURG DISTRICT.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 1821 OF 2ND NOVEMBER, 1962.

The State President has been pleased to alter the name of the Bakoni-Ba-Marangang Tribal Authority to the Bakoni-Ba-Marangrang Tribal Authority.

Government Notice No. 1821 of 2nd November, 1962, is therefore amended, by the substitution for the word " Marangang ", wherever it appears, of the word " Marangrang ". (File No. F.53/1608/9.)

No. 1108] [26 Julie 1963.

INSTELLING VAN DIE KANYA MASIKWAKITHI STREEKSOWERHEID IN DIE DISTRIK IXOPO.

Dit het die Staatspresident behaag om—

(1) kragtens paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n streeksowerheid wat bekend sal staan as die Kanya Masikwakithistreeksowerheid in te stel ten opsigte van die gebiede van die volgende stamowerhede:—

(*a*) die Nhlangwinistamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 334 van 9 Maart 1962;

(*b*) die Bekanistamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 1380 van 4 September 1959; en

(*c*) die Celestamowerheid soos omskryf by Goewermentskennisgewing No. 748 van 22 September 1961; en

(2) kragtens subartikel (1) van artikel *drie* van genoemde Wet op Bantoe-owerhede, 1951, kaptein Dinabantu Dhlamini, hoof van die Nhlangwinistamowerheid, aan te wys as voorsitter van die Kanya Masikwakithistreeksowerheid en te bepaal dat genoemde streeksowerheid uit 11 lede met inbegrip van die voorsitter moet bestaan.

No. 1121.] [26 Julie 1963.

MUNISIPALITEIT VAN ERMELO.—INRIGTING VAN TEHUIS VIR NATURELLEMANS.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragraaf (c) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Ermelo binne die lokasie en Naturelledorp wat in Goewermentskennisgewing No. 2007 van 4 Desember 1959 genoem word, 'n sekere stuk grond, 5·1979 morg groot, synde perseel No. 954, soos aangetoon op planne wat in die kantoor van die Sekretaris van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Pretoria, en van die Stadsklerk van genoemde stedelike plaaslike bestuur bewaar word, bepaal, afsonder en aanlê om daarop een of meer geboue of groepe geboue in te rig vir die huisvesting van Naturellemans wat geen familielewe lei nie.

Verwysingsnommer A.19/1185.

No. 1122.] [26 Julie 1963.

MUNISIPALITEIT VAN KIRKWOOD.—STIGTING VAN LOKASIE EN NATURELLEDORP.

Die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling het kragtens paragrawe (*a*) en (*b*) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), sy goedkeuring daaraan geheg dat die Munisipaliteit van Kirkwood 'n sekere stuk grond, 201·7572 morg groot, synde Gedeelte No. 250 van Strathsomerslandgoed geleë binne die gebied onder die gesag van genoemde stedelike plaaslike bestuur en soos aangetoon op 'n kaart wat deur die Landmeter-generaal onder No. 1153/1939 goedgekeur is, as 'n lokasie- en Naturelledorp bepaal, afsonder en aanlê.

Goewermentskennisgewing No. 804 van 29 April 1949, soos gewysig, word hierby herroep.

Verwysingsnommer A.19/1333.

No. 1108.] [26 July 1963.

ESTABLISHMENT OF THE KANYA MASIKWAKITHI REGIONAL AUTHORITY IN THE IXOPO DISTRICT.

The State President has been pleased—

(1) in terms of paragraph (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Bantu Authorities Act, 1951, (Act No. 68 of 1951), to establish a Regional Authority to be known as the Kanya Masikwakithi Regional Authority in respect of the areas of the following Tribal Authorities:—

(*a*) the Nhlangwini Tribal Authority as defined by Government Notice No. 334 of the 9th March, 1962;

(*b*) the Bekani Tribal Authority as defined by Government Notice No. 1380 of the 4th September, 1959; and

(*c*) the Cele Tribal Authority as defined by Government Notice No. 748 of the 22nd September, 1961; and

(2) in terms of sub-section (1) of section *three* of the said Bantu Authorities Act, 1951, to designate chief Dinabantu Dhlamini, head of the Nhlangwini Tribal Authority, as chairman of the Kanya Masikwakithi Regional Authority and to determine that the said Regional Authority shall consist of 11 members inclusive of the chairman.

No. 1121.] [26 July 1963.

MUNICIPALITY OF ERMELO.—PROVISION OF HOSTEL FOR NATIVE MEN.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraph (*c*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Ermelo within the location and Native village referred to in Government Notice No. 2007, dated the 4th December, 1959, of a certain area of land, 5·1979 morgen in extent, being Lot No. 954, as indicated on plans filed in the office of the Secretary for Bantu Administration and Development, Pretoria, and of the Town Clerk of the said urban local authority, on which to provide one or more buildings or groups of buildings for the accommodation of Native men not living under conditions of family life.

Reference No. A.19/1185.

No. 1122.] [26 July 1963.

MUNICIPALITY OF KIRKWOOD.—ESTABLISHMENT OF LOCATION AND NATIVE VILLAGE.

The Minister of Bantu Administration and Development has, in terms of paragraphs (*a*) and (*b*) of sub-section (1) of section *two* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), approved the defining, setting apart and laying out by the Municipality of Kirkwood, as a location and Native village, of a certain area of land, 201·7572 morgen in extent, being Portion No. 250 of Strathsomers Estate, situate within the area under the jurisdiction of the said urban local authority and as shown on a diagram approved by the Surveyor-General under No. 1153/1939.

Government Notice No. 804 of the 29th April, 1949, as amended, is hereby repealed.

Reference No. A.19/1333.

DEPARTEMENT VAN WATERWESE.

No. 1098.] [26 Julie 1963.

MARICO - BOSVELD - STAATSWATERSKEMA.—BEPALING TEN OPSIGTE VAN BESPROEIBARE OPPERVLAKTES.

REGSTEL VAN DRUKFOUTE IN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. 408 VAN 22 MAART 1963.

(*a*) Die naam van die derde eienaar van bo-af soos dit in die lys in beide die Afrikaanse en Engelse teks voorkom moet lui "Grobler, Johannes Gerhardus (3/1/13)" en nie "Grobler, Johannes Albertus (3/1/13)" nie.

(*b*) Die inlysting ten opsigte van Gedeelte 66 ('n gedeelte van gedeelte) van Perseel No. 1 van die westelike gedeelte van Schuinsdrift No. 75—J.P., groot 370·2641 morg, die eiendom van Steyn, Johannes Lodewikus soos dit in kolom ses (6) van die lys voorkom in die Afrikaanse teks moet lui "32·2" en nie "22·2" nie.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. 1099.] [26 Julie 1963.

HEFFING OP WOL.

Kragtens artikel *vier-en-dertig bis* van die Wolwet, 1946 (Wet No. 19 van 1946), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Suid-Afrikaanse Wolraad, genoem in artikel *drie-en-twintig* van genoemde Wet, kragtens genoemde artikel *vier-en-dertig bis*, en met my goedkeuring, die volgende heffings opgelê het ter vervanging van die heffings bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 926 van 28 Junie 1963:—

(*a*) 'n Heffing van een sent (1c) per pond op alle wol, uitsluitende Karakoelwol, wat in die Republiek geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Republiek uitgevoer word; en

(*b*) 'n heffing van een halwe sent (½c) per pond op alle Karakoelwol wat in die Republiek geproduseer, verkoop of verwerk of uit die Republiek uitgevoer word.

En voorts maak ek bekend dat genoemde heffings op 1 Augustus 1963 in werking tree.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

No. 1100.] [26 Julie 1963.

HEFFING OP HUIDE EN VELLE.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *nege-en-twintig* van die Bemarkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, maak ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, hierby bekend dat die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede, vermeld in artikel 3 van die Vee- en Vleisreëlingskema, gepubliseer by Proklamasie No. 265 van 1945, soos gewysig, kragtens artikel 15 *bis* van daardie Skema, met my goedkeuring die heffings, opgelê in die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2856 van 1953, soos gewysig, verder gewysig het soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

En ek maak hierby verder bekend dat genoemde gewysigde heffings op 1 Augustus 1963 van krag word.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS.

No. 1098.] [26 July 1963.

MARICO-BOSVELD GOVERNMENT WATER SCHEME.—DETERMINATION OF IRRIGABLE AREAS.

CORRECTION OF PRINTING ERRORS IN GOVERNMENT NOTICE No. 408 OF 22ND MARCH, 1963.

(*a*) The name of the third owner from the top as it appears in the schedule in both the Afrikaans and English texts should read "Grobler, Johannes Gerhardus (3/1/13)" and not "Grobler, Johannes Albertus (3/1/13)".

(*b*) The scheduling in respect of Portion 66 (a portion of portion) of Lot No. 1 of western portion of Schuinsdrift No. 75—J.P., in extent 370·2641 morgen, the property of Steyn, Johannes Lodewikus as it appears in column six (6) of the schedule in the Afrikaans text should read "32·2" and not "22·2".

DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. 1099.] [26 July 1963.

LEVY ON WOOL.

In terms of section *thirty-four bis* of the Wool Act, 1946 (Act No. 19 of 1946), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the South African Wool Board, referred to in section *twenty-three* of the said Act, has, in terms of the said section *thirty-four bis*, and with my approval, imposed the following levies in substitution for the levies made known by Government Notice No. 926 of the 28th June, 1963:—

(*a*) A levy of one cent (1c) per pound on all wool, excluding Karakul wool, produced, sold or processed in or exported from the Republic; and

(*b*) a levy of one half cent (½c) per pound on all Karakul wool produced, sold or processed in or exported from the Republic.

And I do hereby further make known that the said levies shall come into operation on the 1st August, 1963.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

No. 1100.] [26 July 1963.

LEVY ON HIDES AND SKINS.

In terms of sub-section (1) of section *twenty-nine* of the Marketing Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, hereby make known that the Livestock and Meat Industries Control Board, referred to in section 3 of the Livestock and Meat Control Scheme, published by Proclamation No. 265 of 1945, as amended, has, in terms of section 15 *bis* of that Scheme, with my approval, further amended the levies imposed in the Schedule to Government Notice No. 2856 of 1953, as amended, in the manner set out in the Schedule hereto.

And I hereby further make known that the said amended levies shall come into operation on the 1st August, 1963.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

BYLAE.

Die Bylae van Goewermentskennisgewing No. 2856 van 1953, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die tarief aangedui in sub-paragrawe (vii) en (viii) van paragraaf (*a*) van klousule (*c*) deur die volgende tariewe te vervang:—

(vii) LK, SLK, DLK 0.25c
(viii) SK, SSK, DSK 0.25c

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1101.] [26 Julie 1963.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

ONDERWYSERS EN ONDERWYSERESSE WAT BY AFTREDE OP 'N GRATIFIKASIE GEREGTIG IS.—ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

Namens die Minister van Arbeid, trek ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens die bevoegdheid aan die Minister verleen by paragraaf (*d*) van subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946 (Wet No. 53 van 1946), Goewermentskennisgewing No. 2255 van 15 September 1950, met ingang van 1 Oktober 1963 in.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

NOTA.—Die strekking van hierdie kennisgewing is dat onderwysers en onderwyseresse in vaste diens by die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Administrasie, wat by aftrede nie op 'n jaargeld geregtig is nie maar net op 'n gratifikasie en wat in die woordbepaling van "bydraer" in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word, vanaf 1 Oktober 1963 as bydraers beskou sal word.

No. 1102.] [26 Julie 1963.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG.

NASIONALE VAKLEERLINGKOMITEE VIR DIE METAALNYWERHEID.

VOORGENOME HERROEPING EN AANWYSING VAN AMBAG EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid en kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, is voornemens om—

(i) Goewermentskennisgewing No. 2570 van 30 Desember 1955, soos gewysig by Goewermentskennisgewings No. 101 van 20 Januarie 1956, No. 977 van 4 Julie 1958, No. 1303 van 21 Augustus 1959, No. 1760 van 30 Oktober 1959 en No. 208 van 19 Februarie 1960, te wysig deur die woorde „Boot- en Skeepsbou (Hout)" van die lys van ambagte wat ingevolge daarvan voorgeskryf is, te skrap;

(ii) Goewermentskennisgewing No. 977 van 4 Julie 1958 te wysig deur—

(*a*) die woorde „Bootbou en Skeepstimmerwerk (Hout) na Boot- en Skeepsbou (Hout)" van die lys van ambagte wat daarin voorkom; en

(*b*) die opleidingsrooster vir die ambag Boot- en Skeepsbou (Hout) wat ingevolge klousule 8 daarvan voorgeskryf is, te skrap;

SCHEDULE.

The Schedule to Government Notice No. 2856 of 1953, as amended, is hereby further amended by the substitution of the rates specified in sub-paragraph (vii) and (viii) of paragraph (*a*) of clause (*c*) by the following rates:—

(vii) LK, SLK, DLK 0.25c
(viii) SK, SSK, DSK 0.25c

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1101.] [26 July 1963.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

TEACHERS ENTITLED TO GRATUITY UPON RETIREMENT.—O.F.S. PROVINCIAL ADMINISTRATION.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, hereby, under the powers conferred upon the Minister by paragraph (*d*) of subsection (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946 (Act No. 53 of 1946), and with effect from 1st October, 1963, withdraw Government Notice No. 2255 of 15th September, 1950.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

NOTE.—The purport of this notice is that teachers in the permanent employment of the Orange Free State Provincial Administration who are not entitled to an annuity, but only to a gratuity upon retirement and who fall within the definition of "contributor" in section *two* of the said Act, will, from 1st October, 1963, be regarded as contributors.

No. 1102.] [26 July 1963.

APPRENTICESHIP ACT, No. 37 OF 1944, AS AMENDED.

NATIONAL APPRENTICESHIP COMMITTEE FOR THE METAL INDUSTRY.

PROPOSED DEDESIGNATION AND DESIGNATION OF TRADE AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, propose to—

(i) amend Government Notice No. 2570 of the 30th December, 1955, as amended by Government Notices No. 101 of the 20th January, 1956, No. 977 of the 4th July, 1958, No. 1303 of the 21st August, 1959, No. 1760 of the 30th October, 1959, and No. 208 of the 19th February, 1960, by the deletion of the words "Boatbuilding and Shipwrighting (Wood)" from the list of trades designated in terms thereof;

(ii) amend Government Notice No. 977 of the 4th July, 1958, by the deletion of—

(*a*) the words "Bootbou en Skeepstimmerwerk (Hout)" to read Boot- en Skeepsbou (Hout)" from the list of trades appearing therein; and

(*b*) the course of training for the trade Boatbuilding and Shipwrighting (Wood) prescribed under clause 8 thereof;

(iii) die ambag Skeepstimmerman vir die Metaalnywerheid in die Republiek van Suid-Afrika, nl. die Nywerheid en gebied waarvoor 'n komitee vir vakleerlinge ingestel is by Goewermentskennisgewing No. 1554 van 17 Julie 1953, aan te wys as 'n ambag waarop die bepalings van bogenoemde Wet van toepassing is;

(iv) die leervoorwaardes wat betrekking het op die kwalifikasies vir aangaan van vakleerlingskap, leertyd, loonskale, lewenskostetoelae, onderwysklasse wat bygewoon moet word, betaling van klas- of kursus- en eksamengelde en kwalifiserende ambagstoetse, voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 2570 van 30 Desember 1955, gewysig soos hierbo gemeld, voor te skryf as leervoorwaardes ten opsigte van die ambag Skeepstimmerman vir die Metaalnywerheid in die gebied waarvoor genoemde komitee ingestel is;

(v) die leervoorwaarde hieronder ten opsigte van die ambag Skeeptimmerman vir die Metaalnywerheid, in die gebied waarvoor genoemde komitee ingestel is, voor te skryf.

PRAKTIESE OPLEIDINGSKURSUS.

Elke werkgewer wat 'n vakleerling in die ambag hieronder genoem in diens het, moet—

(i) die vakleerling die praktiese opleiding gee soos in kolom A van die tabel hieronder aangedui is; met dien verstande dat die werkgewer volgens goeddunke geskikte vakleerlinge ondervinding in die tekenkantoor tot 'n maksimum van ses maande gedurende sy vakleerlingskap kan gee;

(ii) daarbenewens die vakleerling oplei in die mate waarin geriewe in die werkgewer se inrigting bestaan, in die werksaamhede in kolom B van die tabel hieronder aangedui.

Vir sover doenlik moet die vakleerling werk onder gereelde toesig van 'n ambagsman wat gekwalifiseer is om hom op te lei in die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(iii) designate for the Metal Industry in the Republic of South Africa for which Industry and area an apprenticeship committee was established by Government Notice No. 1554 of the 17th July, 1953, the trade Shipwright as a trade to which the provisions of the above-mentioned Act shall apply;

(iv) prescribe the conditions of apprenticeship relating to qualifications for commencing apprenticeship, period of apprenticeship, rates of wages, cost of living allowance, educational classes to be attended, payment of class or course and examination fees and qualifying trade-test, prescribed by Government Notice No. 2570 of the 30th December, 1955, amended as aforesaid, as conditions of apprenticeship in respect of the trade Shipwright for the Metal Industry in the area for which the said committee was established;

(v) prescribe the condition of apprenticeship appearing hereunder in respect of the trade Shipwright for the Metal Industry in the area for which the said committee was established.

PRACTICAL TRAINING COURSE.

Every employer who employs an apprentice in the trade mentioned hereunder, shall—

(i) give the apprentice such practical training as is indicated in column A of the table appended; provided that in the discretion of the employer suitable apprentices may be given drawing office experience up to a maximum period of six months during their apprenticeship;

(ii) in addition give the apprentice training in the operations listed in column B of the table appended to the extent to which facilities exist in the employer's establishment.

An apprentice must as far as practicable work under the regular supervision of an artisan qualified to train him in the trade in which the apprentice is indentured.

Ambag.	Kolom A.	Kolom B.
Skeepstimmerman.....	*Eerste jaar.*	
	1. Veiligheidsmaatreëls wat op die ambag van toepassing is.....	—
	2. Uitkenning van houtsoorte, hul gebruike, defekte en geskiktheid	—
	3. Regte gebruik van houtwerkhandgereedskap.....	—
	4. Skerpmaak en onderhoud van alle handgereedskap.....	—
	5. Met die hand saag en skaaf. Las-, lym- en spykerwerk aan hout	—
	6. Eenvoudige houtartikels uitmerk en maak. Gebruik van verskillende tipes komposisiebord	—
	7. Houttoebehore vassit. Disselwerk. Houtdekwerk.....	—
	Tweede jaar.	
	8. Yster-, staal- en ander metaalprofiele, hegstukke en toebehore vassit wat op skepe gebruik word	Plaatmetaalwerk wat van toepassing is op skeepsbou- en skeepstimmerwerk.
	9. Maak van klein artikels, met gebruikmaking van hout en ligte metaalprofiele van standaardgrootte (bv. kraal- en belegwerk)	—
	10. Aansit van waterdigte deure van hout en ander houtdeure, luike, sypatryspoorte, skerms en tente. Stutwerk en algemene uitruswerk	—
	11. Bootbouwerk, bank- en herstelwerk, nuwe werk aan skuitjies, maste, bome en bootsklampe	Gebruik van veselglas en ander moderne materiale wat in bootbou gebruik word.
	12. Tekenings lees en van tekenings af werk.....	—
	Derde en vierde jaar.	
	13. Gevorderde houtwerk, herstelwerk aan alle tipes bote, hout kalfater (nate kalfater)	—
	14. Maak van en herstelwerk aan houtmaste, sparre, bome, loopplanke en blokke	—
	15. Gebruik van stoompers om hout te buig en te fatsoeneer. Bediening van kraghoutwerkgereedskap en -masjiene	—
	16. Skeepshellings, stopblokke en vasmeertuig vir alle bote, werfvaartuie en groter tipes houtvaartuie	Opslaanbou van skeeps- en werkstrukture van hout.
	17. Vasmeer- en verskepingsinrigtings vir alle tipes skepe.....	—
	18. Herstelwerk aan houtwerk, veranderings aan en byvoegings tot alle tipes skepe en hul uitrusting	Algemene houtwerk op kaaie en hyskrane.
	19. Lees van en werk volgens gevorderde tekenings en geskrewe instruksies en spesifikasies	—
	Vyfde jaar.	
	20. Hersiening en onafhanklike werk.....	—

Trade.	Column A.	Column B.
Shipwright.....	*First Year.*	
	1. Safety precautions applicable to the trade.....	—
	2. Recognition of timbers and their uses, defects and suitability..	—
	3. Correct use of woodworking hand tools.....	—
	4. Sharpening and maintenance of all hand tools.....	—
	5. Hand cutting and planing. Jointing, glueing and nailing of timber	—
	6. Marking-off and making of simple wooden articles. Use of various types of processed boards	—
	7. Securing of wooden fittings, adze work and wood decking....	—
	Second Year.	
	8. Fixing iron, steel and other metal sections, fastenings and fittings used on ships	Sheetmetalwork applicable to Boatbuilding and Shipwrighting.
	9. Manufacture of small articles, involving wood and standard light metal sections (e.g. Beading and Trimming)	—
	10. Fitting of wooden W.T. and other wooden doors, hatches, side scuttles, guards and awnings. Shoring up and general fitting-out	—
	11. Boatbuilding, bench work, repair work, new work on dinghies, masts, booms and boat chocks	Use of fibre glass and other modern materials used in Boatbuilding.
	12. Reading of drawings and setting out from drawings.....	—
	Third and Fourth Years.	
	13. Advanced woodworking, repairs to all types of boats, wood caulking (seam caulking)	—
	14. Manufacture and repairs to wooden masts, spars, booms, brows and blocks	—
	15. Use of steam press for bending and shaping timber. Operation of power woodworking tools and machines	—
	16. Slipping, chocking and docking arrangements for all boats, yard craft and larger types of wooden craft	Pre-fabrication of wooden ship and yard structures.
	17. Docking and shipping arrangements for all types of ships.....	—
	18. Woodworking repairs, alteration and additions to all types of ships and their furnishing	General timber work on wharfs and cranes.
	19. Reading and working to advanced drawings, written instructions and specifications	—
	Fifth Year.	
	20. Revision and independent work.....	—

Ingevolge die bepalings van subartikel (4) van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, word alle belanghebbende persone wat beswaar teen bogenoemde voorneme het, versoek om die besware skriftelik in te dien by die Sekretaris, Nasionale Vakleerlingkomitee vir die Metaalnywerheid, Privaatsak 117, Pretoria, binne 30 dae na die datum van publikasie hiervan.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 1103.] [26 Julie 1963.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG.

STAATSVAKLEERLINGKOMITEE.

VOORGENOME HERROEPING EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDE.

Ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, handelende namens die Minister van Arbeid en kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, is voornemens om—

(i) Goewermentskennisgewing No. 233 van 14 Februarie 1958 te wysig deur die opleidingsrooster vir die ambag Skeepstimmerman wat ingevolge daarvan voorgeskryf is, te skrap;

(ii) die leervoorwaarde hieronder ten opsigte van die ambag Skeepstimmerman vir die Staatsondernemings, in die gebied waarvoor genoemde komitee ingestel is, voor te skryf.

PRAKTIESE OPLEIDINGSKURSUS.

Elke werkgewer wat 'n vakleerling in die ambag hieronder genoem, in diens het, moet—

(i) die vakleerling die praktiese opleiding gee soos in kolom B van die tabel hieronder aangedui is; en

(ii) daarbenewens die vakleerling oplei in die mate waarin geriewe in die werkgewer se inrigting bestaan, in die werksaamhede in kolom C van die tabel hieronder aangedui.

Vir sover doenlik moet die vakleerling werk onder gereelde toesig van 'n ambagsman wat gekwalifiseer is om hom op te lei in die ambag waarvoor hy ingeboek is.

In terms of the provisions of sub-section (4) of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, all interested persons who have any objections against the above proposal, are called upon to lodge the objections, in writing, with the Secretary, National Apprenticeship Committee for the Metal Industry, Private Bag 117, Pretoria, within 30 days of the date of publication hereof.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 1103.] [26 July 1963.

APPRENTICESHIP ACT, No. 37 OF 1944, AS AMENDED.

GOVERNMENT APPRENTICESHIP COMMITTEE.

PROPOSED WITHDRAWAL AND PRESCRIPTION OF CONDITION OF APPRENTICESHIP.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, propose to—

(i) amend Government Notice No. 233 of the 14th February, 1958, by the deletion of the course of training for the trade Shipwright prescribed in terms thereof;

(ii) prescribe the condition of apprenticeship appearing hereunder in respect of the trade Shipwright for the Government Undertakings in the area for which the said Committee was established.

PRACTICAL TRAINING COURSE.

Every employer who employes an apprentice in the trade mentioned hereunder, shall—

(i) give the apprentice such practical training as is indicated in column B of the table appended; and

(ii) in addition give the apprentice training in the operations listed in column C of the table appended, to the extent to which facilities exist in the employer's establishment.

